PROJEK

Projek Welsynsorganisasies

Die projek moet as span gedoen word en gaan meer tyd van jou in beslag neem as die vorige projek. Die verrykking wat jy hieruit gaan kry, is van onskatbare waarde en jy leef jou Verkennerbelofte uit deur jou medemens te dien.

Waarom so 'n projek?

BELANGRIK:
Met die projek moet jy oplettend en weerbaar wees.

Hoekom dan nou juis oplettend en weerbaar wees? Die omstandighede waaraan jy blootgestel kan word, mag dit van jou vereis. Om oplettend en weerbaar te wees verwys nie noodwendig net na die fisiese nie.

Die bekende skrywer C S Lewis het eens gesê:
"Dis heeltemal veilig om vir die wat rein van hart is te belowe dat hulle God sal sien, want dit is in elk geval net hulle wat Hom wil sien."

Jy moet dinge om jou kan raaksien- of dit nou besoedeling van die omgewing is, of behoeftes van jou medemens, of geleenthede vir jouself, of wat ook al. Jy moet kan sterk staan en soms ook leiding kan gee teen verkeerde invloede en dade soos byvoorbeeld om met dwelms (sigarette en selfs nog gevaarliker en minder bekende dwelms) en sterk drank te eksperimenteer.

Wat behels hierdie projek?

Het jy al daaraan gedink dat jy belowe het om jou volk, jou land en jou medemens te dien? Hoe lewe jy as Verkenner die belofte uit, of is dit bloot iets wat tydens jou inlywing belowe is en nooit in die daaglikse lewe uitgeleef word nie?

Geregistreerde welsynsorganisasies lewer waardevolle diens aan die gemeenskap. Met behulp van opgeleide werkers word vakkundige dienste aan die hulpbehoewende mens (die mens in nood) gelewer. Die nood is egter dikwels so groot dat gekwalifiseerde werkers slegs aan die dringendste gevalle aandag kan skenk. Heelwat belangrike dienste kan deur vrywilligers verrig word om die taak van die opgeleide werker te verlig. Om hierdie rede maak alle welsynsorganisasies van vrywilligers gebruik.

Suid-Afrika is nie 'n welsynstaat nie, daarom word die grootste gedeelte van welsynsdienste deur die gemeenskap vir die gemeenskap gelewer. Die gemeenskap vorm op vrywillige basis welsynsorganisasies wat in die meeste gevalle baie min deur die staat ondersteun word. Om fondse te mag insamel en staatsondersteuning te ontvang, moet 'n organisasie voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in die Wet op Welsynsdienste en hulle moet geregistreer word as 'n wettige welsynsorganisasie. Aan so 'n organisasie word 'n W.O.-nommer (welsynsorganisasienommer) toegeken.

As deel van jou gemeenskap behoort jy betrokke te wees by welsynswerk. In hierdie projek gaan jy welsynsorganisasies in jou gemeenskap / omgewing leer ken en diens lewer of behulpsaam wees met een of ander taak.

Vereistes:

1. Kom in aanraking met een van die welsynsorganisasies in jou dorp / omgewing en stel die volgende vas:
   a. naam van die organisasie,
   b. die W.O.-nommer,
   c. wat word beoog met die dienste wat gelewer word?
   d. Aan wie lewer die organisasie diens?
2. Vind uit wat is die samestelling van die organisasie ['n welsynsorganisasie bestaan gewoonlik uit 'n administratiewe afdeling, vakkundige personeel en komitees]

3. Stel vas watter rol speel vrywilligers in die organisasie
4. Stel vas of daar 'n behoefte bestaan vir vrywilligers se dienste
5. Skakel in by een van die organisasies en neem deel aan een van hulle projekte
6. Die span moet 'n minimum van agt (8) ure aan die projek deelneem.

Wanneer die minimum tydsduur vir die projek verby is, moet jy eers gaan stilsit en nadink oor die behoefte waarin jy voorsien deur jou betrokkenheid. Moet dus nie net jou dienslewering staak nadat die vereiste minimum tyd verby is nie, maar lewe die deel van jou Verkennerbelofte waar jy sê, "…en my medemens te dien….." ten volle uit. Jy kan selfs later wanneer jy 'n volwassene is weer betrokke raak.

Binne die riglyne kan julle self besluit hoe julle die projek wil aanpak. Onthou egter, julle is Voortrekkers en jul optrede moet dit te alle tye weerspieël. Maak seker dat jou spanoffisier, veldkornet of 'n ander verantwoordelike volwasse lid van julle kommando ten volle op hoogte is van die vordering van die projek en presies waarmee julle besig is.